View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# MANIFESTASIES VAN DIE DENKE VAN MARX IN DIE MODERNE KAPITALISME: BEDRYFSEKONOMIESE PERSPEKTIEF

Dr. N. Lessing

Departement Bedryfsekonomie, RAU

ABSTRACT

The author looks at manifestation of Marxism from the vantage point of business economics, and states that in looking at contemporary economic manifestations of Marxism it is meaningful to start with Marx's *magnum opus*. He offers a survey of various concepts from *Das Kapital*, starting out with the observation that at present there is great confusion about the concepts *capital*, *capitalist* and *capitalism*. From a study of various definitions of capitalism he comes to certain conclusions, and states that Marx sees the crisis of capitalism in an "inherent fundamental contradiction" of capitalism itself. He goes on to deal with the ideas of *conscience* as opposed to *ecconomism*, and subsequently states that the objective of Communism (modern and classical) is to subject the whole world to its power, in view of the fact that capitalism is seen as a transitory phase in the history of the development of mankind. He warns against the danger in many instances of replacing the words *communist* or *socialist* with the words *capitalist* or *Calvinist*, because this is symptomatic of the danger that Marxism in contemporary form is not always readily distinguishable as such. He then goes on to outline certain principles and practices of the Communist programme and management, culminating with the idea that for the Marxist economic considerations are a political means to attain an ideological objective - and this view is of course in sharp contrast to the *soli Deo gloria* of Calvin. He concludes the paper by stating that it is essential to study the works of Marx, because certain of the aspects of Communism can be taken over just like that into Western economies: the distinguishing characteristic should be sought not so much in the method as in the motivation for the method.

Wanneer 'n mens die teenswoordige ekonomiese manifestasies van Marxisme ondersoek, is dit sinvol om by Marx se *magnum opus* te begin. Die kapitalism as sodanig word in *Das Kapital* onder die soeklig geplaas, soos dit duidelik uit die subtitels van die drie dele van *Das Kapital* blyk:

I. Die proses van kapitalistiese produksie;

II. Die proses van sirkulasie van kapitaal;

III. Die proses van kapitalistiese produksie as geheel.

Die rede vir die besondere aandag aan *Das Kapital* le nie daarin dat Marx in hierdie werk 'n volledige ekonomiese teorie of 'n praktiese stelsel uitgewerk het nie. In hierdie werk word die kapitalisme, soos dit in die middel van die vorige eeu gefunksioneer het, ondersoek en krities beoordeel. Hierdie kritiek, en die implikasies daarvan, kan egter selfs vandag nie verontagsaam word nie. Ook het Halm (1965:113) tereg opgemerk dat Marx in *Das Kapital* nie soseer 'n pleidooi vir sosialisme lewer nie maar dat hy kapitalisme kritiseer en dit as 'n verbygaande fase in die historiese ontwikkeling van die mensdom beskou.

Daar bestaan teenswoordig groot verwarring oor die verwante begrippe kapitaal, kapitalis en kapitalisme. Verskeie definisies het probeer om die begrippe te omskryf, maar hulle word nie hier in besonderhede ondersoek nie. Dit sou tog nuttig wees om Marx se begrip hiervan in ag te neem. Marx gebruik die begrip 'kapitaal' sonder om dit spesifiek te definieer. Hy gebruik naamlik die begrip om 'n hele reeks verskillende betekenisse oor te dra, soos tans ook nog die geval is - ook in Afrikaans. (In WAT (1968, deel V:287-294) word bykans twintig kolomme afgesonder om die begrip 'kapitaal', tesame met sy samestellings en afleidings, te verduidelik.)

Al hierdie definisies kom daarin ooreen dat hulle na die 'versamelde of opgehoopte bates' van die eienaars daarvan verwys of na die beskikkingsmag oor hierdie bates.

In die interpretasie van die begrippe moet in gedagte gehou word dat Marx aan die vastelandse terminologie blootgestel was en in sy

begripsbepaling dus vanuit hierdie oogpunt beïnvloed word. Volgens die kontinentale siening word die bates as 'kapitaal' aangedui, terwyl na die oorskot daarvan bo die buite-laste as 'suiwer vermoë' verwys word. Tans verwys die begrip 'kapitaal' dikwels na die lastekant van die balansstaat in onderskeiding van die tasbare bates. Die verwarrende gebruik van die begrip 'kapitaal' le verder daarin dat die vermoë van die kapitalis (vanuit die lastekant van die balansstaat) gebruik' word om die geldwaardes van sy bates (vanuit die batekant van die b8lansstaat) aan te dui na aansuiwering daarvan met die geldwaarde van die buiteverpligtinge. In die algemene spraakgebruik verwys die begrip 'kapitaal' dus na sowel die fisiese bates as na die netto geldwaarde daarvan.

Uit verskillende omskrywings kom die kernbegrip van kapitalisme na vore, naamlik eerstens die reg van privaatbesit en tweedens die vryheid van die individu om beslissings te neem wat sy beskikkingsmag oor kapitaalgoedere raak. Die begripsbetekenisse van bostaande waarde is totaal anders as wat dit in die werke van Marx na vore tree. Russel (1980:13) stel dit byvoorbeeld soos volg: "The origin of the word 'capital' is derived from the word for cattle; cattle were one of the first forms of wealth. The Marxian cencept, however, differs. It defines capital not as wealth that has already been created but rather as wealth that is in the process of being created. Capital is a 'self-expanding value'. Capital is the form of exchange value that is or potentially will be invested in either the production of surplus value or the appropriation of surplus value which was produced elsewhere".

Volgens die Marxistiese interpretasie in die woordeboek van Bottomore verwys die begrip 'kapitaal' na 'n bate wat deur 'n individu besit word, wat die omvang van sy welvaart aandui en wat gewoonlik 'n inkomste vir die eienaar lewer.

Mohum (1983:60) maak twee afleidings uit hierdie omskrywing van kapitaal. Dit lui soos volg:

- "it applies to every sort of society, in the past, in the present and in the future, and is specific to none;

- "it posits the possibility that inanimate objects are productive in the sense of generating an income stream".

Die Marxistiese interpretasie van kapitaal verwerp albei die afleidings. Eerstens sien Marx kapitalisme as 'n verbygaande fase van die geskiedenis, en daarby is kapitaal onlosmaaklik aan die kapitalisme verbind. Elke vorm van produksie in die kapitalisme moet as die produksie van kapitaal gesien word. Die probleem met die formulering van die begrip 'kapitaal' kan moontlik oorkom word deur die begrip eerder kwalitatief te beskou en dit nie in 'n fisiese vorm te wil vasvang nie. Die siening word goed geïllustreer in die volgende stelling van Mohum (1983:60): "Capital is not a thing at all, but a social relation which appears in the form of a thing". Hierdie omskrywing van kapitaal as 'n sosiale verhouding gee dieselfde gedagte weer as Marx, wanneer hy skryf: "But capital is not a thing. It is a definite interrelation in social production belonging to a definite historical formation of society. This interrelation expresses itself through a certain thing and gives to this thing a specific social character. Capital is not the sum of the material and produced means of production. Capital means rather the means of production converted into capital, and means of production by themselves are no more capital than gold or silver or money themselves... Here, then, we have a definite and, at first sight, very mystical, social form of one of the factors in a historically produced process of social production process" (Marx, Das Kapital, III.48/Kerr, 1909:948).

Mohum se tweede afleiding uit die definisie van kapitalisme (kyk hierbo) is vir Marx ook geheel en al onaanvaarbaar. Lewelose voorwerpe kan volgens Marx nooit produktief wees nie, en daarom kan kapitaal nooit inkomste en bygevolg waarde skep soos die kapitaliste betoog nie. Met hierdie opvatting sluit Marx hom aan by die Middeleeuse gedagte dat geld (of kapitaal) steriel is en dus geen produksie kan lewer nie. Tot in die vroeëre sestiende eeu was renteheffing as 'n woekerpraktyk beskou en moes die beoefenaars daarvan onder kerklike tug geplaas word. Calvyn het die renteproduserende vermoë van kapitaal erken slegs in die geval van produktiewe lenings. In die geval van noodleniging is lenings egter nog steeds rentevry.

In *Das Kapital* verwys Marx dikwels na die begrip 'kapitalis' of ook 'kapitalisteklas'. Marx se interpretasie hiervan is soos volg: "Dominant class of capitalist societies whose position is based on their ownership and control of income-producing property (e.g., factories, large commercial establishments, and financial institutions) where workers are employed" (Russell, 1980:14), m.a.w. die kapitalis se posisie is gegrond op sy beskikkingsmag oor produksiemiddels, met inbegrip van arbeid. In sy omskrywing van die kapitalisme bestempel Russell (1980:13) die kapitalisme as die "kulminasie van eksploitasie" deurdat die produksie van welvaart op die arbeid van die werkersklas berus.

Marx sien die krisis van die kapitalisme in 'n "inherente fundamentele teenstrydigheid" van die kapitalisme self. Aan die een kant is daar 'n toenemende mate van sosialisering van produksie, waar produksie in die breë betekenis opgeneem moet word en wat die verskaffing van owerheidsdienste insluit. Toenemende sosiale (sentraal beheerde) beplanning is hiervoor nodig. Aan die ander kant duur die private verdeling en produksiebesluite deur individue voort, waardeur ten beste slegs fragmentariese besluitneming kan plaasvind. Hierin dra kapitalisme die kiem van sy eie ondergang. Dit word periodiek geopenbaar deur die 'ekonomiese krisisse', soos byvoorbeeld inflasie en werkloosheid (Russell, 1980:42). In die moderne idioom kan selfs die verswakking van die wisselkoerse en die stygings in die brandstofpryse as voorbeelde van die "ekonomiese krisisse" bygevoeg word.

Daar word ook soms na die ironie van die kapitalisme verwys, waarin die private inisiatief so hoog aangeslaan word en 'n hoë premie op die vryheid van die individu geplaas word. Ten spyte daarvan vind 'n mens dat 'n uitermate hoë persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking in die staatsdiens of in staatsondersteunde instansies werksaam is.

## DIE GEWETE OF EKONOMISME?

Marx erken dat die 'bourgeoisgewete' as die funksionele gewete van die kapitalistiese klas optree. Met 'n mate van humor word dit genoem dat as die kapitaliste baie suinig is met hulle materiële besit, hulle besonder

vrygewig is met hulle gewetensoortuigings en dat hulle hulle eie oortuigings as enigste norm aan die werkersklasse opdring.

Marx en Engels skryf soos volg in *The German ideology*: "The ideas of the ruling class are in every epoch the ruling ideas, i.e., the class which is the ruling 'material' force of society, is at the same time its ruling 'intellectual' force ... The ruling ideas are nothing more than the ideal expression of the dominant material relationships" (aangehaal deur Russel, 1980:11).

Die 'bourgeoisgewete' word op allerlei wyses na alle lae van die bevolking oorgedra: skole, pers, werkplek, markte, familie en ander instansies. Die gewete van die kapitalis moet so doeltreffend moontlik van geslag na geslag oorgedra word om die beginsels van kommoditeitsproduksie, klasse-uitbuiting en vervreemding van bates oor te dra. Russel (1980:11) sluit die verduideliking van die 'gewete' met die volgende woorde af: "Bourgeois consciousness includes assumptions that human beings are inherently unequal in worth (therefore the hierarchy of classes is necessary to match the supposed hierarchy of natural ability); the vast majority of people are inherently lazy and can only be motivated by material rewards and discipline ... beings are treated and organized as if they were commodities".

Marx verwerp die denkbeeld van die tipiese kapitalistiese beïnvloeding deur die 'bourgeoisgewete'. Marx en Engels word dikwels van ekonomiese determinisme[1] beskuldig, maar hulle ontken dit by monde van Engels in

[1] Dit is nodig om duidelik tussen die volgende begrippe te onderskei:

- Ekonomiese determinisme:

  Sienswyse of teorie dat ideologiese veranderings in die maatskappy (samelewing) in laaste instansie hulle oorsaak in ekonomiese kragte vind (WAT, 1974, deel II:489; kyk ook materialisme).

die volgende woorde: "According to the materialist conception of history the determining element in history is ultimately the production and reproduction in real life. More than this neither Marx nor I have ever asserted. If therefore somebody twists this into the statement that the economic element is the only determining ons, he transforms it into a meaningless, abstract and absurd phrase' (Brief van Engels aan J. Bloch. 21 September 1890. Marx & Engels, 1936:475).

Engels erken dat die ekonomiese situasie die basis van die historiese ontwikkeling vorm, maar noem dat verskeie elemente van die superstruktuur 'n invloed daarop kan he en dikwels 'n oorheersende invloed op die vorm van die historiese vraagstukke uitoefen. Engels verduidelik sy standpunt hieromtrent in dieselfde brief aan Bloch soos volg: "We make our own history, but in the first place under very definite presuppositions and conditions. Among these the economic ones

- Dialektiese/historiese materialisme:

  Die Marxistiese leer waarvolgens alle geestelike lewe bepaal word deur maatskaplike toestande, in besonder die besit van produksiemiddels (kyk ook materialisme). Hierdie leer word in die term diahistomat saamgevat en vorm die sluitsteen waarop alle Kommunistiese leerstellings berus (Du Plessis, 1972:3).

- Historiese materialisme;

  Leer van Marx dat alle geestelike lewe deur maatskaplike toestande bepaal word (HAT, 1979:532).

- Materialisme;

  Die leer dat die materie of stof (dit is liggaamlike selfstandigheid) die enigste begin- en eindoorsaak is van alles wat bestaan; dit beteken dat slegs stoflike belange waardevol is (kyk ook dialektiese en historiese materialisme).

are finally decisive" (Brief van Engels aan J. Bloch, 21 September 1890; Marx & Engels, 1936:475-476).

Uit hierdie verweer van Engels word dit duidelik dat Marx ekonomisme[2] (kyk ook Russell, 1980:32) afgewys het. Marx, Engels en later ook Lenin en andere het die dwaling van ekonomisme as hoofdryfveer vir verandering en ontwikkeling gekritiseer omdat dit die belangrikheid van die ideologiese motivering sou geringskat. Daardeur sou een van die fondamente van Marx se teorieë aangeval word. Die ekonomiese moet juis die sigbare openbare wyse wees waarvolgens die historiese ontwikkeling gerig kon word om die ideologiese doelwitte van die Kommunisme te bereik. Marx stry teen die 'bourgeoisgewete' van die kapitalisme en vervang dit met die 'kommunistiese gewete'. Die beginsel is in albei dieselfde, maar in die doel wat hulle nastreef, verskil hulle hemelsbreed van mekaar.

Daar bestaan geen eenstemmigheid oor die samehang tussen Marxisme, Leninisme en die moderne Kommunisme nie. Kirsten (1983:95) stel die volgende in hierdie verband: "Dit is opvallend dat sowel Marxiste as anti-Marxiste tradisioneel uitgegeaan het van die verenigbaarheid van Marx se teorie met die leerstellinge van die offisiële Sowjet-ideologie". Tog is dit baie interessant om daarop te let dat die betekenis van die werk van Marx en die wyse waarop dit die grondslag vir die sosiale stelsel van Lenin gevorm het, soos volg in die Kommunistiese Program (1961:vi) saamgevat word: "Marxism-Leninism became a powerful ideological weapon for the revolutionary transformation of society".

Die Marxisme-Leninisme verwys na die moderne Kommunisme - ook genoem die Sowjet-Kommunisme. Die wortels daarvan word egter in die klassieke Kommunisme gevind, waarvan die Leninisme (wat na die werke van Lenin verwys) en die Marxisme (wat na die werke van Marx en Engels verwys) die belangrikste fondamente vorm. (Kyk Du Plessis (1972:1-2); kyk ook Benson (1963), Halm (1965), Kotze (1972), Malan (1977a en 1977b).)

[2] Ekonomisme: Oorbeklemtoning van suiwer ekonomiese faktore in die verklaring van ontwikkeling.

Die doel van die Kommunisme (modern en klassiek) is om die hele wereld onder sy mag te plaas. Dit is die logiese uiteinde van Marx se gedagtes dat die kapitalisme 'n verbygaande historiese fase in die ontwikkeling van die mensdom is. Die kapitalisme, as 'n ekonomiese stelsel en as 'n lewenswyse, kan egter slegs heeltemal uitgedien wees as dit ten volle deur die Kommunisme oorgeneem is of sodanig van karakter verander is dat sy klassieke kenmerke geneutraliseer is. Om dus die Kommunistiese ideaal van wêreldoorheersing te bereik is die strategie onder meer daarop gerig om die idee van die Kommunisme wyd bekend te maak en die Kommunistiese lewenswyse aanloklik voor te stel. Die teiken is onder meer die Weste, en daarom moet die aksie op al die fasette van die Westerling gerig wees, byvoorbeeld deur die Kommunistiese ideaal aanvaarbaar in te klee in terme van die oortuigings van die kapitalis en die Christen (in soverre as wat die twee fasette ooreenkom of geskei kan word).

Heelpary aanhalings uit die Kommunistiese Program verwys regstreeks na uitsprake van Karl Marx en word derhalwe gebruik as 'n moderne manifestasie van Marxisme op ekonomiese terrein. In baie gevalle kan die woorde kommunis of sosialis in die geskrifte met kapitalis of Calvinis vervang word - en in hierdie kringe aanvaar word. Juis hierin lê die gevaar: die Marxisme is in sy moderne gedaante nie altyd as sodanig herkenbaar nie.

Enkele aanhalings uit die Kommunistiese Program kan ter illustrasie dien om die 'aanvaarbaarheid' van die Kommunisme vir die Christen en vir die kapitalis te toon: "A high degree of communist consciousness, industry, discipline, and devotion to the public interest are qualities typifying the man of communist society" (Programme, 1961:51).

(NOTA: Vervang die woord 'communist' met die woord 'Christian' in hierdie aanhaling, en die uitspraak is in Calvinistiese kring ook aanvaarbaar. Die tipiese eienskappe wat in die Kommunisme nagestreef word, klink vir 'n gelowige nie besonder vreemd nie; trouens, dit klink asof dit met vrug nagevolg kan word!)

Ter illustrasie hiervan op die ekonomiese terrein kan die volgende aanhalings gebruik word: "The main economic task of the Party and the

Soviet people is to create the material and technical basis of Communism" (Programme, 1961:54).

"The creation of the material and technical basis of Communism will call for huge investments. The task is to utilise these investments most rationally and economically, with the maximum effect and gain of time" (Programme, 1961:55).

(NOTA: Hierdie ekonomiese plan kan onveranderd op die kapitalisme toegepas word as "Communism" met "capitalism" vervang word - dit lyk nie 'vreemd' of 'kommunisties' nie! Die mobilisering van groot investerings en die aanwending daarvan volgens die ekonomiese prinsipe is universeel aan alle ekonomiese stelsels. Die verskil is geleë in die doel wat met die aanwending beoog word (die ekonomiese motief). Hiermee word nie die leerstuk - of dwaalleerstuk - van "die doel heilig die middele" verkondig nie. Veel eerder kan dit as "die doel rig die aktiwiteite" bestempel word.)

Ook in die beskrywing van die ontwikkeling van die nywerheidswese in die Kommunistiese ekonomie word 'n kenmerkende kapitalistiese uitgangspunt gevolg: "To achieve this, it is necessary to raise productivity of labour ..." (Programme, 1961:56).

## DIE KOMMUNISTIESE PROGRAM EN BESTUUR

Samehangeld met bostaande word die volgende in die Kommunistiese Program (1961:73) in terme van die bestuursaspekte in die ekonomie gestel: "There must be further expansion of the role and responsibility of local bodies in economic management ... The selection, training and promotion of people who directly head enterprises and kolkhozes[3]), who organise and manage production, are of decisive importance in economic management ... In the process of cummunist construction economic management

[3] Kolkhoz is 'n kollektiewe plaas in Rusland.

will make use of material and moral incentives for high production figures".

(NOTA: Die beginsels van gedelegeerde bestuur, personeelbestuur en motiveringsbestuur is teenswoordig weer sterk op die voorgrond in die Westerse ondernemings, maar dit verteenwoordig nie 'n benadering wat net aan die kapitalisme eie is nie. Die oënskynlike doel is in albei wêrelde op die verhoging van produksie gerig en op die beste benutting van die natuurlike hulpbronne (ekonomiese prinsipe[4]). Die werklike doel van die optrede lê dieper as wat op die opeervlak blyk (ekonomiese motief[5]).

Wat die bestuursaspekte verder betref, kan die oorspronklike riglyne van Marx ook onveranderd op 'n teenswoordige kapitalistiese ekonomie van toepassing gemaak word. In die een geval word die (Kommunistiese)

[4] Ekonomiese prinsipe (ook genoem ekonomiese beginsel) dui op die beginsel (stelreël/grondbeginsel) waarvolgens ekonomiese optrede beoordeel word, naamlik die strewe dat die grootste moontlike uitset met die kleinste moontlike inset verkry kan word; die doelmatigheid van die handeling self staan hier voorop. Dit word soms ook gefraseer as die "besparende aanwending van skaars hulpbronne". Die begrip ekonomiese prinsipe dra dus duidelik die karakter van 'n kwantitatiewe waarde.

[5] Ekonomiese motief (ook genoem ekonomiese doel) dui op die doel (motief/beweegrede/dryfveer) waarop 'n ekonomiese handeling gerig word; die doelmatigheid van die handeling self is nie hier ter sprake nie maar slegs die ekonomiese doel wat met die optrede nagestreef word. Die beklemtoning van die ekonomiese motief tot ekonomiese optrede moet nie verwar word met die leerstuk - of dwaalleerstuk - van 'die doel heilig die middele', wat veral in teologiese kringe ernstige aandag verdien nie. Dit kan derhalwe eerder gestel word as "die doel rig die aksie", 'n begrip wat in die studie van strategiese bestuur grondliggend is. Die begrip ekonomiese motief dra dus duidelik die karakter van 'n kwalitatiewe waarde.

gemeenskapsbelang deur 'n sentrale plan nagestreef, terwyl in die ander geval die (kapitalistiese) eiebelang as outomatiese reguleerder optreee. Die volgende dien ter illustrasie hiervan: "The building of ... communism calls for a continuous improvement in economic management. Chief emphasis at all levels of planning and economic management must be laid on the most rational and effective use of the material, labour and financial resources and natural wealth and on the elimination of excessive expenditure. The immutable law of economic development is to achieve in the interests of society the highest results at the lowest cost ... The Party attaches prime importance to the more effective investment of capital, the choice of the most profitable and economical trends in capital construction, achievement everywhere of the maximum growth of output per invested ruble, and reduction of the time lapse between investment and return. It is necessary continuously to improve the structure of capital investments and to expand that portion of them which is spent on equipment, machinery, and machine tools ... Centralised planning should chiefly concentrate on working out and ensuring the fulfilment of the key targets of the economic plans with the greatest consideration to recommendations made at lower levels ... " (Programme, 1961:71,72).

Dit is interessant dat die ekonomiese prinsipe wat in die Westerse Wêreld as die grondslag van ekonomiese optrede beskou word, ook as "the immutable law of ecconomic development" van die Kommunisme aangedui word. Dit is verder noodsaaklik dat daarop gelet word dat die doel van die ekonomiese optrede hoofsaaklik op die "fulfilment of the key targets of the economic plans" gerig is. Dit is reeds hierbo aangedui dat Marx hom van ekonomiese determinisme distansieer juis omdat dit die ideologiese beïnvloeding van die ekonomie uitsluit. Die doel met die ekonomiese planne in die Kommunistiese ekonomie moet nooit uit die oog verloor word nie, naamlik dat dit 'n kragtige instrument is om die doel van die Kommunisme te verwesenlik.

'n Belangrike verskil tussen die Kapitalisme en die Kommunisme lê egter in wat nie in die aanhaling hierbo genoem word nie. In die aanhaling is wel aandag aan die taak van ekonomiese bestuur geskenk, maar die bestuursliggaam self het nie aan die orde gekom nie. Russell (1980:69) beskryf in sy verklarende woordeboek van Marx-Engels die 'bestuurder' in kapitalistiese terme as "an employee who performs the function of

supervising, controlling, and coordinating labor as an agent of the capitalist class". Die *Marxian economic glossary* van Emmett (1925) sowel as die omvattender woordeboek van Marxistiese denke van Bottomore (1983) het die begrip manager of management nie eens opgeneem nie, omdat dit 'n tipies kapitalistiese begrip is waarvoor daar nie plek in die kommunistiese lewens- en wêreldbeskouing is nie.

Teenswoordig word die identifisering van vier bestuurstake algemeen in die kapitalistiese opset aanvaar. Louis Allen het in sy bestuursopleiding besonder klem gelê op die vier oorkoepelende take, naamlik beplanning, organisering, leiding en beheer. In sy nadere verklaring van die management leader' omskryf Allen (1974:56) die taak van 'n bestuurder soos volg" "... to work most effectively together to achieve objectives".

Dit is nodig om daarop te let dat Allen die gebruik van 'n gemeenskaplike woordeboek pertinent as 'n instrument van bestuur uitlig. Allen (1974:v) wys daarop dat die herhaalde gebruik van 'n sekere term nie noodwendig doeltreffende kommunikasie verseker of dat eenstemmigheid oor die betekenis van sekere woorde bestaan nie. Dit is noodsaaklik om so 'n waarskuwing oor die betekenis van begrippe in gedagte te hou. Dit geld egter des te meer wanneer werke soos *Das kapital* gelees word. Die eerste boekdeel is reeds in 1867 in Duits in Londen gepubliseer. Sedertdien het die Duitse taal heelwat ontwikkeling ondergaan, sodat daar in die vertaling en die interpretasie van die werke sekere semantiese probleme kan opduik. Verder moet dit in gedagte gehou word dat die moderne ekonomiese ordening ook heelwat verskil van die kapitalisme van 120 jaar gelede.

In vergelyking met die vierledige onderskeid van Allen toon die Marxistiese siening (volgens die bostaande definisie van Russell) die eensydige oorbeklemtoning van die taak van beheer - as waghond oor die resultate van die sentraalgeleide beplanning. Die rede vir hierdie eensydige benadering word gevind in die Marxistiese siening van die 'kapitalistiese bestuurder' as 'n slawedrywer en uitbuiter. Ook vir die moderne kommunis is die bestuurstaak in die hande van die Party en sy leiers geleë.

Teenoor die siening van Marx dat die bestuurder die werkers uitbuit, vind die Christen in die Bybel heelparty verwysings na die bestuurder en die wyse waarop hy sy taak as rentmeester voor God moet uitvoer. Die mens se roeping tot daaglikse arbeid vind uitdrukking in sy ekonomiese aktiwiteite.

Die ekonomiese lewe is vir die Marxis 'n politieke middel om 'n ideologiese doelwit te bereik. In die inleiding tot die "Derde Program' van die Kommunistiese Party word die Kommunistiese doel soos volg gestel: " ... the supreme goal of the Party is to build a communist society on whose banner will be inscribed: 'From each according to his ability, to each according to his needs'. The party's motto, 'Everything in the name of man, for the benefit of man' will be put into effect in full" (Programme, 1961:vii). Hierdie siening staan in skerp teenstelling met die *soli Deo gloria* van Calvyn.

Inderdaad word die gedagte dat die ekonomiese lewe in geheel op die Kommunistiese doelwit gerig word, prakties in die ekonomiese lewe toegepas. Dit blyk onder meer uit die fynere uitwerking van die Kommunistiese Program, waarin onder andere die volgende stellings opgeneem is: "In the process of communist construction economic management will make use of material and moral incentives for high production figures ... It is necessary in communist construction to make full use of commodity-money relations in keeping with their new meaning in the socialist period. In this, such instruments of economic development as cost accounting, money, price, production cost, profit, trade, credit, and finance play a big part ... The important role of the budget in distributing the social product and national income will prevail throughout the period of full-scale communist construction." (Programme, 1961:73,74.)

Dit is nodig dat daarvan kennis geneem word dat "moral incentives" ook in die aksieplan ingesluit is, al is dit ook in die Kommunistiese interpretasie van die begrip. Op dieselfde wyse moet die bekende kwantifiseringsgroothede van die bedryfslewe (waaronder die kosteberekening, die produksiekoste en, trouens, finansiële bestuur in sy geheel) ingespan word om die ideaal van die Kommunisme uit te dra. Dit is verder nodig dat gelet word op die veranderde rol wat die

begroting in die sosialisme moet vervul, naamlik as verdelingsinstrument van die nasionale produk. Dit staan lynreg teenoor die algemeen aanvaarde funksie wat in die kapitalisme aan die begroting opgedra is, naamlik as 'n toedelingsmeganisme van die produksie-insette om die produksiedoelwit te bereik.

SLOT

Dit is noodsaaklik om die werke van Marx te bestudeer, al is dit ook vanuit die vertrekpunt van ondersteuning van die basis van die kapitalisme. Aan die hand van regstreekse aanhalings uit die Kommunistiese Program (en die onderliggende werke van Marx) kan aangetoon word dat daar aspekte van die Kommunisme is wat onveranderd oorgeneem en in die Westerse ekonomieë toegepas kan word. Sekere van die grondslae van die ekonomie bly dieselfde, ongeag in watter ekonomiese stelsel dit toegepas word. Die onderskeidende kenmerk le nie soseer in die metode as wat dit in die motivering vir die metode geleë is nie.

BIBLIOGRAFIE


ALLEN, L.A. 1974. Comvoc : the Louis A. Allen common vocabulary of professional management. 4th ed. Palo Alto : Louis A. Allen Associates.

BENSON, I. 1963. Ken jou vyand. (Reeks van agt praatjies vir die Afrikaanse Diens). Johannesburg : SAUK.

BOTTOMORE, T., red. 1983. A dictionary of Marxist thought. Oxford : Blackwell.

DU PLESSIS, J.A. 1972. Die filosofie van die grafskrif : 'n inleiding tot die verstaan van die Sowjet-Kommunisme. Potchefstroom : PU vir CHO. (IBC-studiestuk, nr. 62.)

EMMETT, W.H. 1925. The Marxian economic handbook and glossary. London : Allen & Unwin.

HALM, G.N. 1965. Economic systems : a comparative analysis. New York : Holt, Rinehart & Winston.

KERR, 1909: kyk MARX, K. 1909. Capital. Vol.III.

KIRSTEN, J.M. 1983. karl Marx. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wysbegeerte, 2(3):95, Aug.

KOMMUNISTIESE PROGRAM: kyk PROGRAMME of the Communist Party of the Soviet Union.

KOTZE, D.J. 1972. Soeklig op die Kommunisme. Kaapstad : Tafelberg.

MALAN, G. 1977a. Stryd tussen Christendom en Kommunisme. Rosseveltpark : Christosentro. (Reeks : Wat is Kommunisme? Deel I.)

MALAN, G. 1977b. Ken die Kommunis. Rooseveltpark : Christosentro. (Reeks : Wat is Kommunisme? Deel II.)

MARX, K. 1909. Capital : a critique of political economy. (Edited by Frederick Engels. Translated from the third German edition by Samuel Moore and Edward Aveling.) Vol. III : The process of capitalist production as a whole. Chicago : Kerr.

MARX, K. & ENGELS, F. 1936. Correspondence : 1846 - 1895 : a selection. (Translated by Dona Torr.) London : Lawrence & Wishart.

MOHUM, S. 1983. Capital. (In Bottomore, T., red. A dictionary of Marxist thought. Oxford : Blackwell. p. 60-64.)

POOLMAN, J. & REYNDERS, H.J.J. 1982. Kapitaal, balans en wins. (In Reynders, H.J.J., red. Finansiële bestuur. 3de dr. Pretoria : Van Schaik. p. 31-71.)

PROGRAMME. 1961. Programme of the Communist Party of the Soviet Union. (Draft of the third programme.) Moscow : Foreign Languages Publishing House.

RUSSELL, J. 1980. Marx-Engels dictionary. Westport : Greenwood.

WAT: kyk WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1974. Deel II. 3de opl. D-F. Staatsdrukker : Pretoria.

WOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 1968. Deel V. 1ste opl. J-KJ. Staatsdrukker : Pretoria.